Maak Seker Dat U Al Die Voordele Gebruik!

U Mediese Fonds bied u lidmaatskap van die CDE Diabetes-Bestuurprogram (DMP). Die doel van die Program is om volledige sorg vir u diabetes te verseker. U diabetesbeheer en lewensgehalte sal hierdeur verbeter word. Deelname aan die Program sal die kanse om komplikasies as gevolg van diabetes op te doen, verminder.

Om die volle voordeel van die Program te geniet, moet u saamwerk en verseker dat u alle afsprake met u dokter en ander diensverskaffers nakom. Maak asseblief seker dat u van al die voordele wat die Program bied, gebruik maak.

Verseker asseblief dat:

- U die **CDE-dokter** minstens twee keer per jaar sien. Behandeling **vir u diabetes** by enige ander dokter sal nie deur die CDE of deur u Mediese Fonds gedek word nie.
- U die medikasie **vir diabetes slegs** by u CDE-Dokter of –Sentrum kry. Medikasie wat elders afgehaal word, sal vir u persoonlike rekening wees, en sal nie deur die CDE of u Mediese Fonds gedek word nie.
- U die diabetes-opvoeder ten minste twee keer per jaar sien om u op datum te hou met wat nuut is omtrent u hantering, en om u te help om u bloedsuiker te beheer.
- U die voetspesialis jaarliks sien vir 'n volledige ondersoek en versorging van u voete.
- U die dieetkundige minstens een keer per jaar sien om regte eetgewoontes te verseker.
- U oë een keer per jaar getoets en ondersoek word vir diabetesverwante oogsiektes.
- U bloed minstens twee keer per jaar getoets word om langtermyn-diabetesbeheer (HbA_{1c}) te evalueer, en dat u cholesterol en nierfunksie jaarliks getoets word.

Al die bogenoemde dienste word as deel van die Diabetesprogram deur u CDE-Dokter verskaf, en word vooraf deur u Mediese Fonds betaal (hierdie betalings word **NIE** by u mediese spaarfonds of chroniese voordele afgetrek nie).

Maak asseblief seker dat hierdie minimum dienste aan u verskaf word.

Afrikaans

Baie Belangrik

Maak seker dat u die 24-uur noodnommer ("Hotline") vir u Sentrum te alle tye by u het, en dat u gesin ook hierdie nommer het. Die nommer vir u sentrum is:

Voeg Jou CDE-Sentrum Se Noodlynnommer Hier In

As u om **ENIGE** rede in die hospitaal opgeneem word, **skakel asseblief dadelik u CDE-Dokter. U CDE-dokter is verantwoordelik vir die koste van opname in die hospitaal vir enige akute komplikasie van DIABETES wat mag dui op onvoldoende kontrole van u diabetes. U CDE-dokter moet die opname goedkeur. U volle samewerking om optimale kontrole van u diabetes te verseker is dus NOODSAAKLIK.**

Verseker dat u **TE ALLE TYE** u CDE-Lidmaatskaps kaart saam met u Mediese Fonds kaart by u het. Toon dit dadelik aan enige dokter wat u sien of aan enige hospitaal waarin u opgeneem word. Verseker dat dit aan u teruggegee word.

In 'n noodgeval waar u dit nie self kan doen nie (soos 'n koma), **MOET u naasbestaandes bewus wees van die feit dat u CDE-dokter SO GOU AS MOONTLIK (binne 24 uur) van die opname verwittig moet word**

· Bukana ena e ya fumaneha ka puo ya Sesotho
· Le ncwadana iyafumaneka ngolwimi lwe siXhosa
· Loluqwembe luyatholakala ngolimi lwesiZulu
· This Pamphlet is also available in English